Kom voor die winter

Paulus aan Timoteus:
my dood is voor die deur
my wedloop verby
die wenstreep in sig
die oorwinnaarskroon reg
dit staan en wag vir my.

Kom gou na my
ek kry so koud
bring my kombers
ook my boeke
vir my geestelike koue
vir my ‘n lig, ‘n kers.

Kom gou na my
kom voor die winter
voeg troos by die daad
moenie uitstel nie
bemoedig, vertroos
môre is dalk te laat

Jan Lubbe